


DIE
HERHALING van

Dagboek van 'n WURM

deur MARTYN LE ROUX



Met:

LELIA ETSEBETH
KAZ MCFADDEN

PAUL LUCKHOFF
ELMA POTGIETER

DAVID LOUW

DAVID JAMES
JACQUES BOTES

Regie:

RENSKE JACOBS

DONDERDAG - 22 Jun - 20:00

OP



WENNER VAN 3 ATKV MEDIAVEERTJIES

RSG

RADIOTEATER

DAGBOEK VAN 'N WURM

deur

MARTYN LE ROUX

Uitsaaidatum: 24 Nov 2016

Regie: Renske Jacobs

ROLVERDELING:

1. CASSANDRA VILJOEN [amper 21 – intelligent, beeldskoon, talentvol, ferm, vat nie nonsens nie]
Lelia Etsebeth
2. FREDERIK [Freddie] VILJOEN [ongeveer 18 – haar jonger boetie, nou en dan rebels, Cassie se grootste fan]
3. **Kaz McFadden**
4. PA [ongeveer 55 – beneuk, dominerend en werkloos]
Paul Luckhoff
5. MA [ongeveer 50 – besorg, eenvoudig, vredebewaarder]
Elma Potgieter
6. GUNNER GROVÉ [ongeveer 25 – moeilikheid op 'n motorfiets, tipiese wash-out uit n minder-gegoede buurt]
David Louw
7. JIMMY BARLOW [40 – jarige eienaar van 'n gimnasium – toegeweid, passievol coaching is sy lewe]
David James
8. MARTIN LACROIX [45 – jarige professionele fotograaf, gekultiveerd, sjarmant]
Jacques Botes

*Kopiereg: ©Martyn Le Roux



FX: OPENINGSMUIEK – DOOF TOT BEDMUSIEK IN .
BESIGE GIMNASIUM, MUSIEK IN A/G, SWAAR GEWIGTE
WAT HANTEER WORD.

1. JIMMY : Komaan, Cassie, gee my nog vier reps. Push it! Push it! Push it! Op! OP! Druk hom!
2. CASSANDRA: [STEUN EN SIS] Twaalf... [KORTASEM] dertien...
3. JIMMY : Hou! Hou dit daar! Nog twee – go, go, go! Werk daai deltoids – werk hulle!
4. CASSANDRA: Veertien... help my Jimmy... my elmboë... en...vyftien!
5. JIMMY : That's my girl! Damn, jy's fantastic! Bring hulle stadig af. Stadig... Ok, relax so bietjie. Nice!

FX: SWAAR GEWIGTE NEER

6. CASSANDRA: [KORTASEM] Daai laaste drie was hel.
7. JIMMY : Vat 'n sluk water – ons rus vir 2minute, en dan nog n stel. Holy smokes, jy lyk stunning!
8. CASSANDRA: [SLUK WATER] Ek voel soos gaar kos - jy's 'n slawedrywer.
9. JIMMY : No mercy! Maar dis okay. Binnekort gaan almal Cassandra Viljoen se naam ken. Stick with me, I'll make you famous!
10. CASSANDRA: [LAG] Or kill me! Die laaste paar jaar was nie maklik nie.
11. JIMMY : Ja, maar dit was die moeite werd. Look at you!
12. CASSANDRA: Ek weet. Dankie vir jou harde werk, Jimmy.
13. JIMMY: Dis jy wat al die werk doen – nie ek nie.
14. CASSANDRA: Ek kan dit nie sonder jou doen nie.

1. JIMMY : Jy's 'n natural, Cassie. Jy't die looks en die genes vir hierdie sport. Ek kon dit sien toe jy vyf jaar gelede hier ingestap het. Jy gaan die kompetisie destroy. Daai spierkatte oorsee staan nie 'n kans teen jou nie. Mark my words.
2. CASSANDRA: Ek was nog nooit oorsee nie. Ek's bietjie bang. Ek meen New York..... Dink jy regtig ek het 'n kans?
3. JIMMY : Absoluut - maar ons het nog baie werk in hierdie laaste twee weke voor ons op daai vliegtuig klim. Ons moet nou fokus op toning, en jy moet begin water drop. So, hou by jou diet en dink aan daai veertigduisend dollar prysgeld vir motivation, ok.
4. CASSANDRA: Dis darem maar baie geld. Dit sal al my probleme oplos. As ek maar net kan...
5. JIMMY : Hei! Stop dit. Kyk in daai spieël. Jy's 'n work of art. Twyfel jy in wat jy sien?
6. CASSANDRA: Nee, dis net...
7. JIMMY : Jy's die complete package! Blond, built, en beautiful. Iemand met jou looks en lyf, kry 'n mens net eenkeer in 'n leeftyd in hierdie sport. Trust my. Jy's DIT. Fokus daarop.
8. CASSANDRA: Dankie, Jimmy... dat jy so in my glo. As dit nie vir jou was nie, sou ek seker lankal opgegee het.
9. JIMMY : No way, daar's niks van opgee nie. In for a penny, in for a pound. Nog net twee weke!
10. CASSANDRA: Jy't so baie ingesit – die borgskappe, die reëlings, die motivering, die ure...

1. JIMMY : Ja, en jy's die een wat die punch moet vat. No pain...
2. CASSANDRA: [LAG]... no gain. Ja, ek weet. Wie sou vyf jaar gelede kon dink dat ons dit sou regkry.
3. JIMMY : Well, as jy die regte materiaal het... Nou toe, op is jy dat ons kan aangaan. Nog n stel van die voriges, en dan soek ek 50kg op the bar – drie stelle van 15. Quads en hammies – jou favourite.
4. CASSANDRA: [KREUN] Jy gaan my doodmaak.
5. JIMMY : Nee – famous!

FX: GYM KLANKE DOOF UIT / MUSIEKBRUG - DIT WORD

MUSIEK WAT OP RADIO SPEEL.

VROEGAAND, BUITE. VILJOEN'S SE AGTERPLAAS IN DIE

SUBURBS. VERKEERSGELUIDE IN DIEP AGTERGROND.

IEMAND WERK AAN 'n MOTOR – HY IS ONDER DIE KAR

SO KLANK EFFENS WEG.

6. PA : [EFFE WEG VAN ONDER MOTOR] Freddie, gee vir my die nommer sewe. [POUSE] Frederik!
7. FREDDIE : Jammer, Pa, ek het nie gehoor nie - die musiek.....
8. PA : Haal jou kop uit jou gat en luister wat ek vra. Ek het nie heel nag tyd nie. En draai die musiek sagter.
9. FREDDIE : [MOMPEL] Dis nie ek wat dit so hard gesit het nie.

FX: MUSIEK WORD SAGTER GESTEL MAAR BLY IN A/G

10. PA : Gee my nou die sewe!
11. FREDDIE : Sewe wat, Pa?

1. PA : Sewe blerrie dwergies! Socket, man! Socket!
2. FREDDIE : Ok, ok - ek wou net seker maak of Pa die socket of spanner bedoel.

FX: KRAP IN TOOLBOX

3. PA : Dis 'n wonderwerk dat jy die verskil tussen jou kop en jou gat ken. Wat leer hulle julle op skool deesdae? Net mooi boggerôl.
4. FREDDIE : Ek's jammer, Pa.
5. PA : En hou op om so 'n jammergat te wees, nes jou ma. Ek's blerrie jammer jy's gebore. Groei vir 'n slag 'n verdomde ruggraat!
6. FREDDIE : Ja, Pa. Ek's jammer...
7. PA : [ONTPLOF] As jy nog eenkeer vanaand sê jy's jammer, gooi ek jou wragtig met hierdie ghries gun, hoor jy my! Gee die socket aan...en skuif daai leadlight soontoe.

FX: LIG WORD GESKUIF

8. MA : [ROEP] Joos! Jou kos droog uit in die lou-oond!! Kom eet!
9. FREDDIE : Ma sê pa se kos droog uit in die lou-oond.
10. PA : Ek's nie honger nie. Die kar moet klaar kom. Gaan haal vir my liewer nog 'n bier.
11. FREDDIE : Ok, ok. [BEWEEG WEG] Mens mag ook niks vra of sê nie...
12. PA : [BY HOMSELF] Laaitie se kop sit in sy dinges. Computer net heel dag. Het 'n nerd vir 'n laaitie en 'n Tom Boy vir 'n dogter. Hoe kan een mens so gestraf word - ek meen wat het ek verkeerd gedoen.....

1. MA : [NADER TOT OP MIK] Joos! Freddie sê jy wil alweer nie eet nie. Jy drink al heel dag. Eet net 'n slag iets. Dis al amper 7uur.
2. PA : Martha, ek het vir 'n bier gevra, nie 'n preek nie. Het daai mannetjie weer stories aangedra?
3. FREDDIE : [DOOF TOT OP MIK] Ma het gesien toe ek die bier vat. Toe sê ek net pa wil nie nou al eet nie.
4. MA : Ek het self kom kyk wat aangaan. Ek weet nie waarom ek nog die moeite doen nie. Jy KAN nie so baie drink nie.
5. PA : Ek's nie gesuip nie - ek kan my drank vat.
6. MA : Hier sit jy dan sonder werk! En netnou is daar weer moeilikheid met die kar as jy vergeet om die skroewe behoorlik vas te draai.
7. PA : [SUG] Ja-ja, vryf dit in! Jy maak een fout in jou lewe en dan....
8. MA : Ek gaan nie weer die kos uitkrap nie. Ons kan nie so mors nie. Ons moet spaar. Jy gaan nie weer maklik 'n werk kry nie... nie 'n wit man van jou ouderdom nie.
9. PA : Ek kan nie help dat ek my blerrie werk verloor het nie.
10. MA : Ek wys nie vingers nie. Ek sê maar net. Is Cassandra nog nie terug nie? Waar bly sy alweer so laat?
11. PA : Sy kom elke aand later by die huis. Lê weer rond tot watter tyd van die nag.

1. FREDDIE : [OP MIK] Sy “lê nie rond” nie - sy’s by die gym...waar sy altyd is. Sy oefen vir daai kompetisie.
2. PA : Oefen? Sy oefen om ’n man te word, as jy my vra. Sy moet sommer daar intrek, bed en al – dan het ons een wurm minder om te voer.
3. MA : Joos! Hou op om jou dogter 'n wurm te noem.
4. PA : Wel, sy vreet verdomp soos een. Sy eet vir vier.
5. MA : Ten minste eet **sy** haar kos.
6. FREDDIE : Dis bodybuilding, Pa, sy moet so eet. En sy doen dit nou al vir vyf jaar – wanneer gaan julle dit vir ’n slag aanvaar?
7. MA : Ai, die spierbouery. Hoekom kan sy nie tennis of hokkie speel soos ander meisies nie? Die kind het so verander.
8. PA : Sy lyk al soos ’n July renperd. Net spiere waar jy kyk. Maar sy’s so koppig soos ’n verdomde muil.
9. MA : Is dit gesond vir ’n meisie om sulke spiere te he?
10. FREDDIE : Sy’s hiper gesond, Ma. En sy doen uitstekend. Kyk net al haar toekennings en trofee daar in haar kamer.
11. PA : Dit sit nie kos op die tafel nie.
12. FREDDIE : Sy koop al haar kos en supplements self met die geld wat sy van die borge kry. Dit het julle nog nooit ’n sent gekos nie EN sy dra by.
13. PA : Freddie, sharrup! Wie’t jou ketting getrek?

1. FREDDIE : Ja, maar jissie – Pa-hulle gaan aanmekaar te kere oordat Cassie bodybuilding doen – nooit een positiewe woord ooit nie. G'n ondersteuning nie.
2. MA : Dis darem nie waar nie.
3. FREDDIE : Nee, Ma. Niks wat sy doen is ooit goed nie... nie eers toe sy skool op sestien klaar gemaak het nie. Sestien! Nie eers “dankie” of “mooi” nie. Wat moet sy doen? Op die water loop?
4. MA : Freddie...
5. FREDDIE : Maar dan sal julle haar seker beskuldig van waterbesoedeling of so iets! Ten minste suip sy nie al haar geld uit nie.
6. PA : Mannetjie! As ek nou onder hierdie kar uitklim wetter ek vir jou tot in jou kamer! Hoor jy my! Met wie dink jy praat jy?
7. MA : Kalmeer asseblief, Joos. Freddie is reg - sy koop al daai supplements self - ons betaal nie daarvoor nie.....en sy help met geld waar sy kan.
8. FREDDIE : [MOMPEL] In elk geval maak sy meer geld uit haar sponsors en promosies as sommige ander mense hierrond wat onder karre uitpaas.
9. PA : Wat? Wat sê jy? Jy kan bly wees ek kon nie nou hoor nie. Jy beter in jou spoor trap... en voertsek nou - jy help boggerol! Het jy nie skool môre nie?
10. FREDDIE : Dis Vrydag, Pa. Môre, is Saterdag dan kom Sondag...

FX: PA ROL UIT VAN ONDER MOTOR

1. PA : Frederik! Moenie dink omdat jy in matriek is, jy kan nie 'n pak slae kry nie! Ek neuk vir jou met hierdie fanbelt!

FX: Kragtige motorfiets kom nader. Stop in

Agtergrond. Luiër.

2. MA : [KEER] Toe nou julle twee. Los dit nou. Hou op moeilikheid soek, Freddie. Kan ons nie net dié naweek in vrede leef nie?
3. FREDDIE : Ag asseblief - dis al wat ons nou nodig het - die plaaslike Mafia en sy nuwe bike.
4. MA : Is seker weer agter Cassandra aan. Gelukkig is sy nie hier nie. Dis darem maar n groot ding daai!

FX: Motorfiets word gerev voordat dit afgeskakel

Word.

5. PA : [DOOF TOT OP MIK] Wat's dit met julle? Gunner is okay. Hy's 'n suksesvolle besigheidsman..... En hy weet ten minste iets van 'n blerrie enjin af.
6. FREDDIE : Besigheidsman my armpit. Hy's 'n drug pusher.
7. PA : Jy moet ophou met daai storie. Hy supply my met goedkoop parte.
8. FREDDIE : Seker gesteel.
9. MA : Freddie! Moet nie so hard praat nie netnou hoor hy jou.

FX: Booze bottles in bag in background

10. FREDDIE : Laat hom hoor. Ek's nie bang vir hom nie. En ons almal weet hoekom pa so in sy neusgate opgekrui is...
11. PA : Ek waarsku jou!

1. FREDDIE : ...hy't 'n paar bottels wingerdgriep in daai sak. Môre raas pa se kop weer soos die see.
2. MA : Moet asseblief nie vanaand verder saam met hom drink nie, Joos – ek vra baie mooi.

FX: BOOZE BOTTLES IN BAG APPROACH

3. GUNNER : [NADER TOT OP MIK] Yes, yes, yes! Howzit! How goes it met die main mense wat count in die neighbourhood?
4. MA : Naand, Gunner.
5. PA : Hoesit, Gunner? Is daai 'n nuwe bike?
6. GUNNER : Uit die boks, my oom. Vandag gekoop. Cash oppie counter!
7. PA : [FLUIT] Lyk na 'n lekker yster. Maar duur.
8. GUNNER : Was nogal 'n paar bucks, maar dis kwaliteit! Beste in die Weste! Wil die tannie vir 'n spin gaan?
9. MA : Moenie vir jou laf hou nie. Ek klim nie op daai doodskis nie. Dis onveilig.
10. GUNNER : Nie saam met my nie. Ek tune 'n bike net so goed soos 'n chick.
11. PA : Lyk na fris perde in daai enjin.
12. GUNNER : Hy praat met my, oom Jossie - hy praat! Maar so van fris gepraat, is sy hier?
13. FREDDIE : [KORTAF] Nee. My suster is nie hier nie.
14. GUNNER : My bliksem! Bill Gates! Is jy ook hier? En hoeveel computers het jy vandag opgeneuk?[LAG]
15. FREDDIE : Baie snaaks. Jy ken anyway nie die verskil tussen 'n computer en 'n kondoom nie. Vra net al die slette in die buurt.

1. PA : Sharrup, Freddie! [AAN GUNNER] Cassie is nog by die gym. Oefen vir daai muscle kompetisie-besigheid. Lyk al hoe meer soos daai terminale vent...uh....Frankenfurter.
2. FREDDIE: Schwarzenegger, Pa. Arnold Schwarzenegger.
3. GUNNER : Wat probeer sy met haarself aanvang? Is sy kwaad vir iemand? Wil sy haarself in 'n dude verander?
4. PA : Dis wat ek ook sê. Ek dag ek het 'n dogter.
5. FREDDIE : Los vir Cassie uit. Sy vra julle niks! Vir wat is julle altyd op haar case! Sy lyk flippen fantasties.
6. PA : Freddie, hou jou neus uit grootmense se gesprekke uit.
7. FREDDIE : My suster is nie 'n man nie, maar sy's wragtig meer "man" as jy, Gunner.
8. GUNNER : Hei, Bill Gates! Jou bek het groot geraak vandat ek laas hier was. Lyk my jy hou nie van jou voortande nie.
9. FREDDIE : Cassie is nie hier nie, so vat jou bike en jou booze en boggerôf. Sy like jou nie.
10. GUNNER : Wat meen jy? Ek en jou suster is al 'n *item* van laerskool af. Sy like my al vir jare.
11. FREDDIE : Ja - soveel soos 'n spinnekop in haar badwater.
12. GUNNER : My donner, jy soek vir my...
13. PA : [KEER] Freddie! Gaan help jou ma in die huis met die skottelgoed.
14. MA : [BEWEEG WEG] Kom, Freddie. Kom help my in die kombuis. [HARDER OP AFSTAND] Kom, Freddie!

1. GUNNER : Ja, vat die stuk potklei hier weg. Netnou kry hy seer.
2. FREDDIE : [BEWEEG WEG] Ek kom, ma. [MOMPEL] Rubbish.
3. PA : Sorry oor Freddie. Hy raak by die dag meer soos sy suster.
Harde gat. Moenie hom kop toe vat nie.
4. GUNNER : Hy moet check wat hy sê. Hy loop en tune vir almal hier in die hood dat ek white trash is. Ek gaan sy tande vir hom polish as hy weer so met my praat. Hy soek my.
5. PA : Aaaag, hy's net 'n pyn in die gat. Vergeet van hom!
Eeeehhh....hoe lyk dit? Het jy vir ons 'n bietjie voggies saamgebring?
6. GUNNER : Hoe ken die oom my dan? Ek vergeet mos nooit die Vitamine C nie.
7. PA : [BEWEEG WEG] Ek kry gou vir ons twee bekers in die garage.
[OFF MIK] Knak solank sy kop.

FX: KRAP ROND IN SAK. BOTTEL UIT. SKROEF PROP AF.
MOTOR KOM AAN IN AGTERGROND. STOP. LUIER. DEUR
OOP.

8. GUNNER : Hier's Cassie nou. [ROEP AGTERNA] Oom moet gou maak, anders verdamp die goed. Twintig persent alkohol! [LAG] Skop soos n volstruis!
9. CASSANDRA: [OFF MIK] Dankie, Jimmy. Sien jou môre.

FX: DEUR TOE. MOTOR VERTREK. TOETER.

10. GUNNER : Alweer daai "gymbunny" met sy fancy stasiewa.
11. PA : [NADER] Was dit Jimmy?

1. GUNNER : Einste, my oom. Dis hy wat al hierdie bodybuilding rubbish in haar kop ingepaat het.
2. CASSANDRA: [NADER, TOT OP MIK] Naand, Pa. [AFSYDIG] Gunner.
3. GUNNER : [BAIE VRIENDELIK] Hey Babes! Was dit daai windgat Jimmy wat jou gedrop het?
4. CASSANDRA: Ek weet nie hoekom jy hom “windgat” noem nie. Jy ken hom van geen kant af nie.
5. GUNNER : Hel, maar jy’s tigh assed, nê. Seker al daai oefening.
6. CASSANDRA: Baie snaaks. Het jy daai lyn voor ’n spieël gestaan en oefen met net jou onderbroek aan? Wat soek jy hier?
7. GUNNER : Peace, Babes, peace. Ek’t jou my nuwe bike kom wys.
8. CASSANDRA: Ja, ek het dit gesien. En?
9. GUNNER : Like jy hom? Vandag gekoop. Het kom hoor of jy nie vir ’n spin wil gaan nie. ’n Bom tussen daai gespierde bene. Wat sê jy?
10. CASSANDRA: Nee, dankie. Hierdie bene is moeg en seer en my tigh ass kan doen met ’n warm bad en slaap, nie *jou* geselskap nie.
11. PA : Moeg en seer van wat? Niks doen die hele dag?
12. CASSANDRA: Ja, Pa. Ek doen heel dag niks. Al vir vyf jaar.
13. PA : Is dit nou wat jy vir ’n lewe gaan doen? Muscles bou? Wanneer kry jy vir ’n slag ’n regte blerrie job.
14. CASSANDRA: Met net ’n matrieksertifikaat?
15. PA : Dis ’n geleerdheid waarvoor ek duur betaal het. Maar dit lyk my ek het my geld gemors.

1. CASSANDRA: Verdomp, Pa. Wat's fout met jou? Is dit nie genoeg dat ek myself op skool in 'n koma gewerk het nie?
2. PA : En kyk wat doen jy nou.
3. CASSANDRA: Wie was dit wat die beursmense vyf jaar gelede hier soos honde weggejaag het toe hy gesuip was? Het jy vergeet daarvan?
4. PA : O, nou is dit weer my skuld! Ek kan mos niks reg doen in die madam se oë nie. My al die jare afgesloof om jou skoolgeld te betaal en jou 'n geleerdheid te gee, en dis wat ek daarvoor kry. Besef jy dat ek my werk verloor het?
5. CASSANDRA: Jy laat ons dit nie vir 'n minuut vergeet nie, Pa.
6. GUNNER : Die ou ballie het 'n punt beet, Babes. Jy kan meer help.
7. CASSANDRA: Hou jou neus hieruit, Gunner.
8. GUNNER : Ek sê maar net, 'n girl soos jy...
9. PA : Jy is nog nie een-en-twintig nie, **en** solank jy onder my dak bly ou meisietjie sal jy maak soos...
10. CASSANDRA: Almal ken daai rympte, Pa. Maar moenie worrie nie - Pa sal nie meer lank met my hoef opgeskeep te sit nie.
11. PA : Hoekom nie?
12. CASSANDRA: As ek hierdie kompetisie wen, hoef Pa nie meer vir hierdie *wurm* kos te gee nie. [POUSE] Ja, ek hoor wat jy my noem, Pa – ek's nie doof nie.

1. PA : Wel, as jy al daai fancy, duur milkshakes en goed kan bekostig, kan jy meer begin bydra tot die huis ook. Krag en water kos geld.
2. CASSANDRA: Ek het julle nog nooit 'n sent gevra nie. Maar as dit so 'n probleem is, dan sal ek huur ook begin betaal.
3. PA : O, *nou* het jy skielik geld om huur te betaal? Wat jy waar kry?
4. CASSANDRA: Ek *werk*, Pa. Wat ek doen in die gym elke dag *is my werk*. Buitendien, Jimmy het vir my iets groots gereël.
5. GUNNER : Watse *iets*? Wat vang julle alles by daai gym aan? Pimp hy jou? Ek trust nie daai smoothy nie...
6. CASSANDRA: Gunner! Jy't niks hiermee uit te waai nie. En het jy weer drank gebring? Jy weet my pa kan dit nie handle nie. Gaan net weg!
7. PA : Gunner is *my* gas. Hy sal gaan as ek so sê. En ek wil ook weet wat daai Jimmy vent vir jou gereël het?
8. CASSANDRA: [SUG] 'n Photoshoot, ok! Dis vir 'n oorsese maatskappy wat gym toerusting en klere verkoop. Happy?
9. GUNNER : Gaan jy nou model ook?
10. CASSANDRA: As ek die kontrak kry, ja. Ek sien die fotograaf later die week.
11. PA : "As" is verbrande hout. Los hierdie Popeye-muscle speletjies van jou en gaan kry vir jou 'n behoorlike job.
12. GUNNER : Gaan hulle "nudes" ook van jou neem?
13. CASSANDRA: Ugh, dis van om naar te word. Ek kan net sowel met twee kombuiskriekes argumenteer. Ek gaan bad en slaap.

1. GUNNER : Ag, nee, Babes. Moenie so wees nie. Die aand is nog in sy dop. Kom ry saam met my op my bike.
2. CASSANDRA: Hou op om my te “Babes”, Gunner. Ek’s nie jou “Babes” nie.
3. GUNNER : Jy’s lekker agro vanaand. Is jy kwaad omdat ek jou skewe boyfriend daar by die gym beledig het?
4. CASSANDRA: Hy’s nie my boyfriend nie, en ek is ook nie **jou** girlfriend nie. En in elk geval het Jimmy meer manlikheid in sy linker pinkie as wat jy in jou hele lyf het.
5. GUNNER : Stadig oor die klippe, Babes. Watch wat jy sê. Watch it.
6. CASSANDRA: Of wat? Gaan jy my slaan soos jy vir Belinda Fourie verlede week aangerand het? Ja, ek weet daarvan.
7. GUNNER : Daai is nie jou besigheid nie.
8. CASSANDRA: En myne ook nie joune nie. Kom soek jy ’n ander slaansak?
9. PA : Hy’t vir **my** kom kuier. My parte gebring.
10. CASSANDRA: Parte? Yeah, right. In ’n bottel. Hou op om drank hier aan te dra - jy weet my pa het ’n probleem.
11. PA : Watse probleem?
12. GUNNER : Ek gaan maar gooi. Ek sien ek’s nie welkom hier nie.
13. PA : Nou sien jy waarmee ek elke dag moet sit.
14. GUNNER : Die oom kan maar die “versnapperinge” hou. Dis ’n gift.
15. PA : Dankie, my ou maat.
16. CASSANDRA: Nou toe waarvoor wag jy? Verkas!
17. GUNNER : Ek dog ons is ’n item, Babes.

1. CASSANDRA: In jou Mickey Mouse wêreld. En jy weet wat met dog gebeur het.... **Ons** was nog nooit enige iets nie. Jy het lankal in die daggaplantasie afgedwaal.
2. PA : Wat van dagga?
3. GUNNER : Nee dis ok. Ons sal nog sien wie choke vir wie. Jy't 'n regte bitch geword.
4. CASSANDRA: Wel, hierdie "bitch" gaan nie jou slaansak ook wees nie.
5. GUNNER : Lyk my jy dink deesdae die water kook as jy op 'n toilet gaan sit. Omdat jy 'n paar bekertjies gewen het en jou gesig in die koerante was, nou check jy my skeef uit. Jy kruip uit dieselfde vrot appel as ons almal. Jy's niks special nie.
6. CASSANDRA: Ten minste probeer ek om myself uit hierdie gemors te kry, maar wat doen jy? Mense soos jy maak die wêreld net nog donkerder. Jy *wil* 'n wurm wees! Ek nie! En ek word nie besit nie – nie deur jou nie; nie deur enige iemand nie.
7. GUNNER : Jy's lus vir baklei. Ek gooi liewer, my oom. Hardegat soos min.
8. PA : Sien jy wat ek sê – g'n respekke nie.
9. CASSANDRA: [STAP WEG] Ja, gaan man! Los ons uit. Hier's niks vir jou nie!
[VAN AFSTAND] Hier was nog nooit iets vir jou nie!!
10. PA : Kom maak maar weer 'n draai. Ek dink dis daai tyd van die maand, jy weet. Beneuks soos 'n blierie scapyard brak.
11. GUNNER : Ja-nee, lekker hardegat, my oom. Ek check haar.
12. PA : Maar kyk hoe lyk sy! Dis net spiere! Watter man sal haar wil hê? Dink jy sy's dalk Lebanees?

1. GUNNER : 'n Lesbeen? Nee, nie Cassie nie. Sy's 'n straight arrow en nog altyd 'n looker. Sy lyk eintlik amazing. Kyk net daai paar bene. Gesondheid in die rondheid.
2. PA : Hoe nou? Dink jy so? Spiere en al?
3. GUNNER : Hel, het die oom nie oë nie? Ek meen... jy behoort mos te weet?
4. PA : [AGTERDOGTIG] Hoe nou? Wat bedoel jy?
5. GUNNER : Ek bedoel net... daai dogter van jou is prime steak.
6. PA : Ek moet sê, ek het altyd gedink julle twee sou dalk eendag.....jy weet... Julle is al van kleins af pelle.
7. GUNNER : Sy't baie verander – en ek praat nie net van daai lyf van haar nie. Ek's seker sy's op die “juice”.
8. PA : Juice? Watse Juice?
9. GUNNER : Drugs, my oom. Steroïds. Alle bodybuilders gebruik dit.
10. PA : Drugs? My magtig, dink jy wragtig sy gebruk sulke goed?
11. GUNNER : Daar is geen manier wat 'n girl so 'n gespierde lyf kan bou sonder steroïds nie. Sy spuit - dis verseker.
12. PA : Jy bedoel sy...
13. GUNNER : Dis hoekom sy so bedonnerd is. Steroids maak jou so.
14. PA : Wragtig? Maar waar sal sy die goed kry?
15. GUNNER : [BEWEEG WEG] By daai gym-bunny, Jimmy - waar anders?
[OP AFSTAND] Ok, dan check ek die Oldie later. Cheers!

FX: MOTORFIETS WORD AANGESKAKEL IN A/G. WORD

GEREV. TREK WEG. DOOF UIT IN VERTE.

BADKAMER TONEEL. BADKAMER AKKOSTIEK. DOOF IN:

BADWATER WAT INTAP. KRAAN WORD TOEGEDRAAI.

CASSIE KIM IN BAD. WATER KLANKE. SY SKAKEL RADIO

AAN. 'I'M A SURVIVOR' SPEEL.

1. CASSIE : [SUG BEHAAGLIK]

FX: KLOP AAN DEUR.

2. CASSIE : [SUG GEIRRITEERD]

3. MA : [STEM BUIE DEUR] Cassandra? [POUSE]

4. CASSANDRA: [ONGEDULDIG, OP MIK] Wat is dit, Ma?

5. MA : [BUIE DEUR] Kan ek inkom? Dis net ek.

6. CASSANDRA: [STEEDS OP MIK] Ek is in die bad. Kan dit nie wag nie?

7. MA : [BUIE DEUR] Ek wil net gou met jou praat.

8. CASSANDRA: [SUG] Nou goed, kom maar in.

FX: DEUR HANDVATSEL.

9. MA : [BUIE DEUR] Die deur is gesluit. Hoekom sluit jy altyd die deur?

10. CASSANDRA: Is Ma alleen?

11. MA : [BUIE DEUR] Ja, ek sê mos so. Ek wil nie pla nie.

FX: CASSIE KLIM UIT BAD, MAAK DEUR OOP. KLIM TERUG IN

BAD. MUSIEK AF.

1. MA : Jy hoef nie die musiek af te sit nie - ek wil net vir jou.....[SY
STAAR NA CASSIE] **POUSE**
2. CASSANDRA: Hoekom staar Ma so na my?
3. MA : Jou...jou lyf!
4. CASSANDRA: Dis net spiere, Ma. Ons almal het dit, mans en vrouens.
5. MA : Ek sien dit nou eers regtig vir die eerste keer. Is dit nie seer
nie?
6. CASSANDRA: [SUG] Nee, dit is nie seer nie. En ek is nie altyd so groot en
hard nie. Ek lyk nou so vir die kompetisie.
7. MA : Ek verstaan nie altyd die goed nie, my kind. Ek beseft dat dit is
wat jy wil doen, maar.... is dit nie ongesond om so te lyk nie?
8. CASSANDRA: Nee. Ek's super fiks. Dis deel van my werk.
9. MA : Dis maar net moeilik om te begryp. Ek het in 'n ander tyd groot
geword. Meisies is mos veronderstel om sag en skraal en
vroulik te wees?
10. CASSANDRA: Dit is 2016, Ma – duisende vrouens oefen met gewigte in gyms
elke dag. Dis niks nuuts nie.
11. MA : Ja...ek het al gesien op die TV.
12. CASSANDRA: Wat gaan aan? Hoekom die skielike belangstelling? Julle het
nog nooit, vandat ek begin het, ooit, 'n enkele vertoning of
kompetisie bygewoon nie. Niks nie.

1. MA : Ek weet...dis maar moeilik... die drank-ding met jou pa.... Dis nie dat ons nie belangstel nie.
2. CASSANDRA: Regtig? Net kritiek en verwyte? Nooit 'n woord van aanmoediging of gelukwense nie. Hoekom nou die gesprek?
3. MA : Ai, my kind. Jy bly maar my klein dogtertjie. Dis maar hoe 'n ma is. Eendag as jy 'n kindjie het, sal jy verstaan. [POUSE] Jy sal kan kinders hê, ne? Met al die spiere?
4. CASSANDRA: Natuurlik, Ma. Ek is meer as gesond. Is dit wat Ma pla?
5. MA : Ja, dit... [POUSE] en... jy gebruik nie dalk daai goed wat Gunner jou pa van vertel het nie?

FX: WATER WAT PLAS IN DIE BAD

6. CASSANDRA: [ONMIDDELIK KWAAD] Gunner?! O, nou verstaan ek. Wat het daai idioot nou weer te sê gehad? Van watse goed praat Ma?
7. MA : Moet asseblief nie kwaad word nie. Hy het vir jou pa gesê dat jy goed gebruik wat jou so gespierd maak.
Stereo..eh...sterides.
8. CASSANDRA: *Steroids*? Se Gunner ek gebruik steroids?
9. MA : Ja, dis die goed.
10. CASSANDRA: [HAAL DIEP ASEM] Ok, ek gaan dit net een keer se: Ek gebruik nie steroids nie. Ek's is natuurlik. Jimmy sal dit nooit toelaat nie. Ek gebruik voedselaanvullings en ek eet reg, die res is suiwer geneties.
11. MA : Geneties?
12. CASSANDRA: Ek gebruik nie drugs nie, Ma. Ek het dit nie nodig nie.

1. MA : O, ek is bly, my kind. Dis 'n verligting.
2. CASSANDRA: Ek's mesomorfies. Dis julle skuld dat ek so kan lyk.
3. MA : Hoe nou? Ons skuld? Ek verstaan nie. Hoe bedoel jy?
4. CASSANDRA: Dit beteken dat ek baie maklik en vinnig spiere bou.
En dis geneties – julle het daai gene vir my gegee.
5. MA : Sowaar? Wel, dan is ek bly om daarvan te hoor. Ek was so bang dat jy met daai... drugs deurmekaar is.
6. CASSANDRA: Gunner maak moeilikheid oral waar hy gaan. Hy's 'n stuk rubbish.
7. MA : Jy moet tog nie dat hy hoor jy sê hy's rubbish nie.
8. CASSANDRA: Laat hom hoor. Hy verkoop dwelms, Ma. Hy't probeer om by die gym in te kom met daai gemors.
9. MA : By Jimmy se plek?
10. CASSANDRA: Ja, Ma. En ander junk ook. Jimmy het amper sy nek gebreek.
Hy't die goed aan my ook probeer afsmeer.
11. MA : Wat vertel jy my nou?
12. CASSANDRA: Dis hoekom hy so vir Jimmy loop en beledig. Hy's bad news.
Ek wens hy wil hier wegbly.
13. MA : Ek wil ook nie die mannetjie hier hê nie - hy's 'n slegte invloed...maar jou pa bly hom nooi. Geen wonder hy dink jy's syne nie.
14. CASSANDRA: Asseblief! Ek gril my dood as hy aan my vat. Ek soek nie hierdie vrotheid vir 'n lewe nie. Ek sterf eerder.

1. MA : Ai my kind, ons het probeer. Ek het probeer. Maar dinge het net nie vir ons uitgewerk nie.
2. CASSANDRA: Ook nie vir my nie. Ek het definitief nie hiervoor gevra nie.
3. MA : Ek weet. Toe jy gebore is, het ek so gehoop dinge sou beter raak. Mens dink soms jy ken iemand...
4. CASSANDRA: Ek verwyd nie, Ma. Dis net... ek's is só moeg hiervoor. Moeg van wegkruip... moeg vir hierdie verrotting... hierdie buurt... die mense. Moet ek vir die res van my lewe kaalvoet en pregnant in die kombuis staan, met 'n drinkgat man wat my elke naweek vir 'n slaansak wil gebruik? Is dit wat julle vir my wil hê?
5. MA : Natuurlik nie. Dit maak seer. Jy was nog altyd so spesiaal. Van jou eerste uur af. So 'n pragtige meisiekind. So slim.
6. CASSANDRA: Ja, en wat het dit my alles gehelp?
7. MA : Toe jy skool op sestien klaar gemaak het....ek was so trots. Maar ek onthou ook hoe jou onderwysers na my gekyk het op die oueraande - asof hulle nie kon glo dat iets so mooi soos jy van my af kon kom nie. Asof jy nie myne is nie.
8. CASSANDRA: Ja, en hier is ons nou. Waarom is ons so?
9. MA : Jou pa is 'n gebreekte mens, my kind. Moet hom nie te kras oordeel nie. Die drank... Hy het hulp nodig. Maar hy bly jou pa.
10. CASSANDRA: En wat is dit? 'n Persoon wat vir my kos en klere sorg totdat ek dit self kan doen?
11. MA : Moet hom nie haat nie. Moet my nie haat nie. As ons maar die klok kon terugdraai...

1. CASSANDRA: Ons kan nie... Ongelukkig nie...[POUSE] Kan ek asseblief nou bad?
2. MA : Ek wou maar net kom hoor het. Moenie vir jou pa sê nie.
3. CASSANDRA: [SONDER EMOSIE] Ons is nie juis chat buddies nie.
4. MA : [POUSE] Freddie sê jy gaan binnekort oorsee?
5. CASSANDRA: Ja, Ma. Ek het mos vir julle gesê. En nee, julle hoef nie daarvoor te betaal nie. Jimmy en die borge betaal vir alles.
6. MA : O, dis goed. Ek het net gewonder. [POUSE] Jy sal die eerste een in ons familie wees wat oorsee gaan.
7. CASSANDRA: Ek weet... Maak asseblief die deur weer toe wanneer Ma uitgaan.

FX: MUSIEKBRUG 'I'm a survivor' laaste deel - WORD MUSIEK

**IN GYM MAAR OP VOORGROND – GYM KLANKE IN
AGTERGROND**

8. JIMMY : That's it... luister na die musiek... en draai op jou tone..... kniel..... en bring hulle stadig af.... tot langs jou sye. Hou dit geflex...hou dit geflex.... tot op die einde...

FX: MUSIEK STOP

9. JIMMY : Beautiful! [KLAP HANDE] Amazing, Cassie! [FLUIT]
10. CASSANDRA: [UITASEM NADER TOT OP MIK] Hoe was daai?
11. JIMMY : Great! Onthou net om op daai laaste bewegings nie van jou bene te vergeet nie. Dis jou grootste asset. Flaunt hulle.
12. CASSANDRA: [SLUK WATER] Soveel goed om te onthou!

1. JIMMY : Ek weet – maar ons is amper daar. Nog net 'n week, dan's dit show time!
2. CASSANDRA: Ek kan moor vir 'n pizza. Ek's so honger.
3. JIMMY : No ways! Stick to the diet. As jy wen koop ek vir jou 'n pizza so groot soos die maan wat jy alleen kan polish.
4. CASSANDRA: Jy's wreed. Kan ek maar aantrek?
5. JIMMY : Ja, ons is klaar vir vandag.
6. CASSANDRA: Wat mens ook nie sal doen vir 'n paar rand nie...
7. JIMMY : O shit! So van geld gepraat. Ek het totally vergeet... Martin Lacroix is op pad hierheen om jou te kom sien.
8. CASSANDRA: Martin Lacroix?
9. JIMMY : Ja, die fotograaf vir *Paragon Muscle Gear*.
10. CASSANDRA: Maar ek dog ek sien hom eers môre by sy studio?
11. JIMMY : Sorry, Cassie - ek het vergeet om te se - hy't 'n ander gig more, so hy't gevra of hy jou vandag sommer hier kan meet en greet.
12. CASSANDRA: Hier? Jimmy! Hoe kan jy dit aan my doen? Ek is glad nie reg nie. Ek het nie eers make-up aan nie....ek's papnat gesweet! En my hare lyk soos droë spaghetti! Wanneer kom hy?
13. MARTIN : [STERK VRIENDELIKE STEM VAN MIK AF] O, **hy** is klaar hier. [NADER TOT OP MIK] Die deur was oop.
14. JIMMY : [BIETJIE SENUWEEAGTIG] Speak of the devil! Martin! Kom in!
15. MARTIN : Middag, Jimmy. [AAN CASSANDRA] En... ek neem aan..... Cassandra..?

1. CASSANDRA: [VERDWAAS] Eh....ja...eh.....ek is Cassandra Viljoen. Hallo, Meneer...Lacroix. Ek het nie verwag dat ek nou al... ek bedoel, ek het gedink... die oudisie...
2. MARTIN : Ek was onder die indruk dat Jimmy jou betyds sou inlig.
3. CASSANDRA: [KNERS OP TANDE] Nee, hy het nie.
4. MARTIN : [GEMAAK STRENG] Jimmy, jy't opgeslip!
5. JIMMY : Sorrie Cassie.
6. MARTIN : Ek is ook jammer hieroor..... Maar ek benodig dringend 'n paar foto's van die model wat ons plaaslik gaan gebruik. Ek moet dit vir die artistieke direkteur van die maatskappy stuur. Hulle druk my in 'n blik!
7. JIMMY : [VERSKONEND] Dit was my voorstel dat hy sommer hiernatoe kom – ek het vergeet om te se.
8. MARTIN : Daai Yanks dink blykbaar hier is nie vrouens wat liggaamsbou doen in ons land nie. Ek verkies plaaslik... en ek moet sê, jy is absoluut perfek, Cassandra!
9. CASSANDRA: [SKAAM] Dankie meneer Lacroix... maar ek lyk verskriklik.
10. MARTIN : Glad nie. Ek is mal oor au natural. En noem my Martin, asseblief. Ek's nie die "meneer" tipe nie - dra nie das nie.
12. CASSANDRA: Goed... Martin.
13. JIMMY : [STEEDS SENUWEEAGTIG] Nou ja, dit is dan Cassie – in the flesh. Beter gaan nie sommer kry nie – nie hier of oorsee nie.
14. MARTIN : Jy't nie oordryf nie, Jimmy. Die wangbene, die oë...die totale pakket... perfek...

1. CASSANDRA: Hey, julle twee, ek staan nog hier. En my wangbene lyk so omdat Jimmy besig is om my uit te honger vir die kompetisie.
2. MARTIN: : [LAG] Jammer. Ek was bang dat jy een van daai steroïde monsters gaan wees. Met 'n kakebeen soos die een waarmee Simson die Filistyne platgeslaan het.
3. CASSANDRA: [LAG SENUWEEAGTIG]
4. JIMMY : [LAG OOK SENUWEEAGTIG] No way. Sy's een honderd persent natural. Elke spier is plein harde werk en diet...
5. CASSANDRA: Dankie vir die advertensie, Jimmy, maar ek lyk regtig terrible.
6. MARTIN : Jy lyk vir my piekfyn – trouens ek dink jy sal goed lyk, al draai ons jou toe in koerantpapier.
7. CASSANDRA: Kan ek net eers 'n bietjie make-up gaan aansit en my hare bykom?
8. MARTIN : Neem jou tyd. Ek wag rustig. Dis belangrik dat jy goed moet voel.
9. CASSANDRA: [BEWEEG WEG] Ek's nou terug. Sal gou maak.
10. JIMMY : [SENUWEEAGTIG] En toe? Wat dink jy?
11. MARTIN : Wel, ek moet jou sê – ek het nie dit verwag nie. Sy's 'n wandelende anatomiekaart EN sy's beeldskoon. Hulle gaan nie twee keer dink nie.
12. JIMMY : Sy's in top kondisie. Ons het nog 'n week prep oor.
13. MARTIN : Ek kan dit sien. Sy's perfek vir die produk.
14. JIMMY : I told you so. Wat gebeur nou?

1. MARTIN : Ek gaan net vinnig n paar neem om vir hulle te stuur.
2. JIMMY : Kan ek help met iets?
3. MARTIN : Ek dink nie so nie. Die lig hierbinne is goed en my model is 'n fonds! So ek is gereed!
4. JIMMY : [MEER ERNSTIG] Eh...hou maar dit waaroor ons gepraat het tussen ons, ne? Sy's bietjie touchy daaroor.
5. MARTIN : Vanselfsprekend, ja. Maar ek waardeer dat jy my ingelig het. Ek kan amper nie glo wat jy my vertel het nie. Mens sal nooit sê nie, ne?
6. JIMMY : Ja.....haar good genes is die enigste ding wat haar ouers vir haar gegee het wat worthwhile is...dis ironies ne? Anyways, kan ek jou n guns vra?
7. MARTIN : Jy's welkom.
8. JIMMY : Ek moet netnou gou na my ander gym in Northcliff toe gaan. Sal jy Cassie vir my kan gaan drop as julle klaar is? Sy bly net hier anderkant.
9. MARTIN : Enige tyd... as dit in orde is met haar.
10. CASSANDRA: [NADER] Daar's hy. Dis beter! [OP MIK] Is die kostuum reg?
11. MARTIN : Is dit wat jy gaan gebruik vir die kompetisie?
12. CASSANDRA: Ja. Is dit ok?
13. MARTIN : Dis 'n goeie keuse. Die turquoise pas perfek by jou hare en jou oë. Voel jy gemaklik daarin? Dis die belangrikste.
14. CASSANDRA: Ja, ek voel goed. Maar ek's bevrees ek is nie 'n model nie. Jy sal moet sê wat ek moet doen. Ek het geen idee nie.

1. MARTIN : Ontspan. Wees net jousef. Moet dit nie forseer nie. Sal ons begin?
2. CASSIE : [STEEDS ONSEKER] Ok...
3. MARTIN : Jimmy, sit vir ons n bietjie musiek op. Dit help altyd vir die senuwees.
4. CASSIE : [SENUWEEAGTIGE LAGGIE] DJ Jimmy to the rescue!
5. JIMMY : [BEWEEG WEG] For sure!
6. MARTIN: Reg. Staan by daai masjien langs die speel. Ja, net so... dis goed.

FX: MUSIEK BEGIN

7. MARTIN : A! Perfek! Konsentreer nou op die musiek...en hoe dit jou laat voel....

FX: KAMERA KLIK x 1

8. CASSANDRA: Hei! Wag! Ek was nog nie reg nie... Okay. Is dit goed so?
9. MARTIN : Ja, dit werk. Maar ontspan. Wees jousef. Draai so effens na my toe.

FX: KAMERA KLIK X2

10. MARTIN : Lig jou kop - draai dit effens skuins - net so! Hou dit daar.

FX: KAMERA KLIK x3

11. MARTIN : Ja! Dis wat ek soek!
12. CASSANDRA: [LAG SENUWEEAGTIG]
13. JIMMY : Wel, lyk my julle twee is op 'n roll. Is daar nog iets wat ek vir julle kan kry? Refreshments?
14. CASSANDRA: Ja, 'n groot pizza, asseblief.

1. JIMMY : Nice try, Cassie! Jy het jou water en lusern.
 2. CASSANDRA: Sies, Jimmy! Jy's wreed. Ek's nie 'n perd nie.

FX: **KAMERA KLIK x 4**

3. MARTIN : [LAG] Niks vir my nie, dankie! Sal net jou Skype netnou wil gebruik om gou die foto's te stuur as ek klaar is.
 4. JIMMY : No problem. In my kantoor. Daar's nie 'n password op nie.
 [AAN CASSANDRA] Doen wat die man vir jou sê, hoor jy Cassie. [AAN MARTIN] Sy kan baie koppig raak – ek weet, ek train haar al vir 5 jaar. As sy vir jou lip gee – sit net jou voet neer.
 5. CASSANDRA: Dankie, Jimmy. Vir jou vertrou in my.
 6. MARTIN: Draai meer met jou rug na my toe. Kyk effens terug na die kamera. Flex. Hou so. Stunning!

FX: **KAMERA**

7. CASSANDRA: [LAG SENUWEEAGTIG] Dis nogal fun!
 8. MARTIN : Dis omdat jy nou ontspan. Dit lyk altyd beter as dit natuurlik kom. Draai weer na jou ander kant toe. Hou dit daar. Laat sak jou ken so effens. Mooi.

FX: **KAMERA**

9. MARTIN : Jy hoef nie vir my bang te wees nie - ek is aan jou kant. Ek wil jou net laat goed lyk.

FX: **KAMERA**

10. MARTIN : Ja..ja.....nou kom jy los....Ah! Magic! My kamera is gek oor jou!
 11. CASSIE : [LAG BIETJIE MINDER SENUWEEAGTIG]

1. JIMMY : Ek's bly julle twee werk so lekker saam. Cassie, ek moet gou Northcliff toe. Martin het gesê hy sal jou gaan aflaai as julle klaar is.

2. CASSANDRA: [SY SKRIK] Nee Jimmy!

FX: KAMERA

3. MARTIN : Whooooouu – watse gesig is dit daai? Komaan, Cassie – ontspan! Hou op frons. Daarsy! Dis beter. Lig jou ken.

FX: KAMERA

4. MARTIN : Ek gee nie om om jou af te laai nie. Ons is elk geval feitlik Klaar.

5. CASSANDRA: [BAIE ONGEMAKLIK] Dis genuine nie nodig nie. Ek verkies om te loop. Dit sal goeie cardio wees.

6. MARTIN : Dis regtig nie n probleem nie. Jimmy, kan ek gou jou PC gebruik? Sal net 'n paar minute neem om die foto's deur te stuur en 'n antwoord te kry. Ek het klaar genoeg. Jy kan ontspan.

7. JIMMY : Help jousef. Daar binne.

8. MARTIN : [BEWEEG WEG] Dankie. Ek's nou terug, Cassandra, dan kan ons ry. [OP AFSTAND] Jy loop nie, hoor!

9. CASSANDRA: [DRINGEND] Jimmy, what the hell??!

10. JIMMY : Kalmeer.

11. CASSANDRA: [SAGGIES] Moenie dit nie aan my doen nie! Asseblief.

12. JIMMY : Maar julle twee kom so goed oor die weg.

1. CASSANDRA: Ek skaam my dood. [SMEEK] Asseblief, Jimmy – dit gaan alles bederf as hy moet sien waar ek bly.
2. JIMMY : [SUG] Cassie. Jy is heeltemal te sensitive oor die hele ding.
3. CASSANDRA: Miskien. Maar ek wil nie die kans waag nie... Jy weet hoe mense dink. Almal is nie soos jy nie.
4. JIMMY : Ek belowe jou Martin gaan nie snaaks dink van jou nie. Hy's nie daai tipe nie. Glo my.
5. CASSANDRA: As hy moet sien... Ek wil hom nie afskrik nie. My loopbaan het hierdie job so nodig.
6. JIMMY : Dit sal hom nie afskrik nie, trust my.
7. CASSANDRA: Hoe kan jy so seker wees?
8. JIMMY : [POUSE] Wel...[POUSE] Ons het soort van gepraat...
9. CASSANDRA: Wat? Nee. Moenie vir my sê jy't hom vertel nie? Jimmy!!!!
10. JIMMY : Cassie - chill!
11. CASSANDRA: Wat het jy hom vertel?
12. JIMMY : [POUSE] Hy weet genoeg. Maar so what. Hy like jou, so hy sal sorg dat jy die job kry.
13. CASSANDRA: Wat van die kliënt? As hulle uitvind – ek is seker hulle sal my nie wil gebruik nie.
14. JIMMY : Dit het mos nie 'n invloed op jou work ethics nie, so wat's die probleem.
15. CASSANDRA: Die probleem is dat ek nou weet hy weet, en dit maak dit...(akward)
16. MARTIN : [NADER] Wel, dit was 'n no-brainer. Soos ek voorspel het.

1. CASSANDRA: [ONGEMAKLIK] Dit was gou... Wat sê hulle?
2. MARTIN : [OP MIK] Ek het nog nie eers die tweede foto behoorlik opgelaai nie, toe laat weet hulle dat hulle vanmiddag die kontrak deurstuur. Ons teken môre! Geluk, Cassandra! Jy's die gesig van *Paragon Gear* vir die volgende twee jaar.
3. CASSANDRA: Ek...ek...ek dink ek moet eers sit....
4. JIMMY : Sien, ek het jou gesê. Dis FANTASTIC! Ons moet celebrate!
5. CASSANDRA: Dankie....dankie, Martin! Ek kan dit nie glo nie. DANKIE JIMMY! [SY GRYP HOM OM DIE LYF EN DRUK HOM]
6. JIMMY : [KREUN] Take it easy, Cassie – sit my neer! Netnou breek jy 'n rib.
7. CASSANDRA: Dit maak al die ure se harde werk die moeite werd. Maar dit voel so onwerklik!
8. MARTIN : Jy kan dit maar glo. Soos ons hier praat is hulle besig om die kontrak voor te berei.
9. JIMMY : So, dis n done deal?
10. MARTIN : O absoluut.
11. CASSANDRA: Woooooow!
12. MARTIN : [LAG] Nou ja, kom ons ry! Het jy al jou goed?
13. CASSANDRA: [WEER ONSEKER] Ek...eeehh....ek..[BEWEEG WEG] Ek gooi net gou my sweetpak oor.
14. MARTIN : Dis die begin van groot dinge en groot geld vir haar, Jimmy.
15. JIMMY : Jy weet nie wat dit vir ons beteken nie. Thanks!

1. MARTIN : Ek het nog nie so iets beleef nie. Sy's is eenvoudig in 'n klas van haar eie. Daai Yanks was so beindruk...
2. JIMMY : Ek kan nie glo dis dieselfde verwaarloosde girl wat vyf jaar gelede aan my deur kom klop het nie. Dankie dat jy haar sal gaan drop. Ek skuld jou.
3. MARTIN : Kom kuier 'n slag dat ons behoorlik kan gesels en hierdie kontrak kan vier.
4. JIMMY : [BEWEEG VAN MIK AF] Ek sal sodra hierdie kompetisie eers verby is. [OP AFSTAND] Promise. Gotta run!

FX: MUSIEKBRUG. DOOF IN – MOTOR BINNE KAJUIT.

5. MARTIN : Is jy okay?
6. CASSANDRA: Ja....dis net.....Jimmy en sy groot mond..... hy het geen reg gehad om my lewe so met jou te bespreek nie.
7. MARTIN : Hy het dit nie sleg bedoel nie. En dis ek wat aangedring het. Jy moet vir my kwaad wees. Nie vir hom nie.
8. CASSANDRA: Ek's vir niemand kwaad nie. Dis net nie goed waarom ek sommer praat nie. Ek is al te veel gebrand...
9. MARTIN : Glo my, ek het net 'n groter bewondering vir jou na wat hy my vertel het. [POUSE] Jimmy sê jy't skool op sestien klaargemaak? Regtig?
10. CASSANDRA: Ja. Die minister het my hand kom skud.
11. MARTIN : Hoekom is jy nie besig om te swot nie?

1. CASSANDRA: Ek wou. Medies. Biologie was altyd my gunsteling vak op skool. [POUSE] Ag, dit maak tog nie meer saak nie. Dis oor en verby. Water onder die brug.
2. MARTIN : Maar ek verstaan nie. Met 'n verstand soos joune. Dit maak nie sin nie.
3. CASSANDRA: Dit was nie in my sterre nie. Wurms en vrotheid was.
4. MARTIN : Wat bedoel jy?
5. CASSANDRA: Ek was sestien. My pa het gesê ek moet 'n werk gaan soek of glad nie terugkom huis toe nie. Ek het vir weke my voete blase geloop opsoek na werk. Niemand wou my aanstel nie...ek het nie die regte....agtergrond gehad nie.
6. MARTIN : Maar jy moes die wêreld aan jou voete gehad het [POUSE].
Cassandra?
7. CASSANDRA: [NA AAN TRANE] Los dit net, Martin. Een maal 'n wurm...
8. MARTIN : Wat bedoel jy met "wurm". Wat het gebeur?
9. CASSANDRA: My pa het gebeur... My ouers het gebeur. My lewe het gebeur.
[POUSE] Kom ons praat oor iets anders. Asseblief.
10. MARTIN : Okay...ek's jammer. [POUSE] So, Jimmy sê die kompetisie is binnekort. Julle vlieg al Woensdag?
11. CASSANDRA: Ja. Pre-judging en al die admin is Vrydag. Dit gaan hectic wees – ek is bang... maar ek sien ook baie uit.
12. MARTIN : Ek sal duim vashou. Ek's seker jy gaan wen.
13. CASSANDRA: Dankie. Ek hoop maar vir die beste. Van daai meisies in my afdeling is sterk kompetisie.

1. MARTIN : Ek dink nie jy hoef jousef vir een oomblik te bekommer nie.
 2. CASSANDRA: Dit gaan deesdae baie meer oor simmetrie en vroulikheid. Die estetiese van die hele pakket. Nie net oor gespierdheid nie.
 3. MARTIN : Dan het jy beslis nie 'n probleem nie. Jy lyk ongelooflik.
 4. CASSANDRA: Dankie. [POUSE] Martin. Dit lyk miskien nie so nie, maar ek's werklik dankbaar en opgewonde oor die werk. Ek's net so moeg – hierdie laaste weke is geweldig uitputtend.
 5. MARTIN : Dis nie nodig om verskoning te maak nie. Ek verstaan. Ons gaan nog daai suksesbrander saam ry – jy sal sien.
 6. CASSANDRA: Dit sal wonderlik wees. [POUSE] Uuuh...jy kan my net hier aflaai...op die hoek.
 7. MARTIN : Hier? Is jy seker?
 8. CASSANDRA: Ja, dis goed hier. Ek sal verder stap. Dis nie ver nie.
 9. MARTIN : Dis nie 'n lekker buurt nie.
 10. CASSANDRA: Ek's mooi groot.
 11. MARTIN : Nou goed... Nes jy verkies.
- FX:** **MOTOR STADIGER. STOP. LUIER.**
12. CASSANDRA: Dankie.
 13. MARTIN : Hier is my kaartjie. As ek kan help met iets - moenie huiwer nie, asseblief. Enige iets. Bel my, okay?
- FX:** **DEUR OOP. STRAAT KLANKE.**
14. CASSANDRA: Dankie. Ek sal. Ek sien jou dan Woensdag vir die shoot, ne?
 15. MARTIN : Ja, ek sal laat weet wat jy alles moet saambring ateljee toe.
 16. CASSANDRA: Dankie, Martin. Ek sien baie uit daarna.

1. MARTIN : Ek ook. Baai!

FX: DEUR TOE. MOTOR VERTREK. MOTORFIETS NADER.

STOP LANGS HAAR. REV. LUIER.

2. GUNNER : [SARKASTIES, STEM GEDEMP] Hallo daar, Miss Olympia!

3. CASSANDRA: [ONGEDULDIG] Wat sê jy? Haal die stupid helmet af.

4. GUNNER : [HELM AF, DUIDELIKER] Ek wil mos sê dis wragtig jy.

5. CASSANDRA: Wat wil jy hê, Gunner?

6. GUNNER: Ek het jou in daai fancy kar sien verbykom, so twee blokke terug. Dog eers ek kyk skeel.

7. CASSANDRA: Agtervolg jy my nou?

8. GUNNER : Nee, maar daar sien ek hoe jy daai gespierde gat van jou uit daai fancy fancy se kar lig.

9. CASSANDRA: So what? Is jy nou my escort?

10. GUNNER : Nee.....maar lyk my dis wat jy nou doen. "Gym" saam met die ryk ou ballies in hul sportskarre?

11. CASSANDRA: Wat? Jy's walglik. Wat is fout met jou?

12. GUNNER : Jy tune jou pappie dat jy laat by die gym moet werk. Is dit hoe jy jou geld maak?

13. CASSANDRA: Hou jou vuil bek van my af. Ek's nie een van jou local gomgat straatslette nie! Jy weet niks van my af nie.

14. GUNNER : Ek KEN jou....of het jy al vergeet hoe ons gepraat het toe ons kids was. Wat jy my alles vertel het?

15. CASSANDRA: Los dit, Gunner. Los my net uit. Jy's nie my tipe nie.

1. GUNNER : Nie jou tipe nie? Net omdat ek nie gebou was vir skool en vir leer nie, nou check jy my skeef uit.
2. CASSANDRA: Ons is nie meer kinders nie - ek het jou en hierdie hool lankal ontgroeï.
3. GUNNER : Jy vergeet jy's deel van die "hool", Babes.
4. CASSANDRA: Hoekom kan jy nie sien dat ek iets beter soek nie. Jy wil hier bly en net nog vrotter word. Ek nie.
5. GUNNER : Jy weet - daar was 'n tyd toe ek en jy mekaar ge-like het. Toe ons alles ge-share het. Alles... you know what I'm saying?
6. CASSANDRA: Daai tyd is verby. Hier's baie ander meisies in die buurt. Hoekom kan jy my nie net uitlos nie?
7. GUNNER : Want jy's quality. Ek soek **jou**. En ons ken mekaar. Ek en jy. Peas in a pot, Babes.
8. CASSANDRA: [VERLOOR DIT] Jy "pee" in die verkeerde damn "pot", Gunner! Bly weg van my af. En bly weg van my familie! Ons het genoeg probleme! Take 'n hint! Of is jy net plain onnose!
9. GUNNER : Hou op om my "onnose!" te noem, jou windgat klein tert. Hoor jy my! Jy fancy mos die ou toppies, nè? Soos die een wat jou hier kom drop het. Laat hulle jou special voel.....net soos jou...
10. CASSANDRA: Ek sweer..... As jy dit ooit vir iemand vertel...
11. GUNNER : Jy's spoiled goods, Miss Muscles. Jy dink verniet jy's die blerrie Queen van England. Jy's net nog 'n lappop op die ashoop.
12. CASSANDRA: En jy's is 'n vark.

1. GUNNER : At least is ek nie 'n wurm wat dink sy's 'n butterfly nie. Jy kruip uit dieselfde vrotheid as ek, your majesty! Ek ken jou en jou familie.
 2. CASSANDRA: Jy weet niks van ons af nie.
 3. GUNNER : Bullshit! Ek's nie blind nie...
 4. CASSANDRA: Net dom, dig en difficult. En daar's nie 'n pil vir onnoselheid nie! Shame.
 5. GUNNER : Wat het daai windgat met sy sportskar jou betaal? Ek kan ook betaal. Ek het geld. Wat vra jy vir 'n gym-sessie? Hê?
 6. CASSANDRA: [HAAL DIEP ASEM] Dink wat jy wil.....sê wat jy wil. Ek gee nie om nie. Los my net uit.
 7. GUNNER : Komaan, Babes. Ek soek dit nie vir free soos...sommige ander mense nie.
 8. CASSANDRA: [GEVAARLIK] Ek waarsku jou, Gunner. Sê dit net....
 9. GUNNER : Wat gaan jy doen? Huh? My moer? Hei! Kyk na my! Ek praat met jou, Wonder Woman. Soek jy Superman? Want ek sal jou tussen al daai spiere kom soek en jou dik vry, nes jy dit gekry het by jou...
- Fx: CASSIE GRYP SY HELMET UIT SY HANDE EN SLAAN HOM OP SY NEUS. MOTORFIETS VAL OM. REV EN VREK DAN. MOTORS TOET.**
10. GUNNER : Eina, bliksem! My neus! Jou bitch! Jy't my neus gebreek!

1. CASSANDRA: Wees bly ek het nie jou nek gebreek nie. [BEWEEG WEG] Hou jou smerige bek van my af, hoor jy my!
2. GUNNER: Jou feeks! KOM TERUG! Kyk wat het jy gedoen! My bike is in sy moer! Ek gaan jou donner as jou in die hande kry!
3. CASSANDRA: [OP AFSTAND] Ek's nie Belinda nie. Ek donner t'rug!
4. GUNNER : Jy sal hiervoor betaal, jou gespierde teef!
5. CASSANDRA: [VAN AFSTAND] Gaan huis toe – jy bloei oor die pad!
6. GUNNER : Gee terug my helmet!

FX **GOOI HELMET OP DIE SYPADJIE MET 'n GEKLATTER.**

7. GUNNER : Bitch! Ek sal jou hiervoor kry! Hoor jy my! Jy sal betaal! Wag maar, jy sal sien. Jy gaan nie hiermee wegkom nie. Jy gaan jou gat sien – pretty soon!

FX: **KRUISDOOF NA KETEL WAT KOOK EN FLUIT. KETEL**
WORD VAN STOOF GEHAAL. KOPPIES EN LEPELS.

8. MA : Joos, kan ek nie vir jou ook 'n koppie koffie gooi nie?
9. PA : [EFFE AANGEKLAM] Nee – ek soek nie koffie nie – ek soek nog 'n bier.
10. MA : Die bier is op. Eet liewer iets.
11. PA : Ek's nie 'n kind nie. Moet nie vir my preek nie.
12. FREDDIE : [MOMPEL] Hoor wie praat...
13. PA : Wat sê jy?

1. FREDDIE : Niks. Dink maar net hardop.
2. PA : Ek's nie jou speelmaatjie nie, hoor jy?!
3. FREDDIE : Nee, Pa, Gunner is ...
4. PA : Ja, hy's my pël. Maar nou wil hy nie meer hier kom nie..... En ek het hom nodig.
5. FREDDIE : [MOMPEL] Soos 'n tifuskoors epidemie, ja.
6. MA : Hy is nie goed vir jou nie. Hy kom altyd hier aan met drank...
7. PA : ...en dan kuier jy net so lekker saam – ek het jou nog nooit gehoor complian nie. Elk geval – Gunner wil nie meer hier kom nie oor julle stront. Jy en jou suster.
8. FREDDIE : Nee, hy wil nie hier kom nie want sussie het hom op sy moer gegee.
9. PA : Wat?
10. MA : Waarvan praat jy?
11. PA : Hy het sy neus in 'n bar fight gebreek.
12. FREDDIE : Bar fight, my gat! Abrie Dorfling het gesien hoe Cassie hom eergister met sy eie helmet, bo van sy bike af moer! One shot!
13. PA : Twak! Dis nie wat Gunner gesê het nie.
14. MA : Is jy seker, Freddie?
15. FREDDIE : Ja, Ma, dit lê die hele buurt vol. Hulle het 'n fight gehad.
16. MA : Ag, herder, dit gaan moeilikheid maak. Hy gaan dit nie sommer net so los nie.
17. FREDDIE : Sy't hom gefloor! One time. Hy loop en vertel hoe hy aangerand is deur 'n hele bende wat sy bike wou steel.

1. PA : Wat is fout met daai blerrie meisiekind?
2. MA : Hy gaan dit nie vergeet nie...
3. FREDDIE : Ek sweer as hy aan haar vat, maak ek hom vrek.
4. PA : Wat kan jy doen? Gunner eet jou vir brekfis.
5. FREDDIE : Ja Pa – vat die loser se kant. Drank is mos in hierdie huis dikker as bloed.
6. PA : Freddie. Ek het jou in hierdie lewe ingebring, en ek sal jou uitvat, mannetjie – hoor jy my?
7. FREDDIE : Moenie my enige gunste doen nie.

FX: MOTOR KOM NADER. STOP . LUIER.

8. PA : Elk geval...Gunner het vir my allerhande ander goeters ook vertel...
9. MA : Moet jy nou aanhou? Kan ons nie vir een dag in vrede saam leef nie?
10. FREDDIE : Hoe leef mens saam met **dit** in vrede, Ma?
11. MA : Los dit tog...

FX: DEUR OOP EN TOE

12. MA : Dankie, tog. Dis Cassandra wat terug is.
13. CASSANDRA: [OP AFSTAND] Baai!

FX: MOTOR VERTREK.

14. MA : Kan ons nou ophou baklei?
15. FREDDIE : Dis nie ek wat dit begin het nie. Pa is die een.....
16. MA : [BYNA SMEKEND] Asseblief, Freddie...

FX: KOMBUIS SIFDEUR OOP.

1. CASSANDRA: [OFF MIK] Hallo almal!

FX: **SIFDEUR TOE.**

2. MA : Middag my kind.

3. FREDDIE : My model-sussie! Jy lyk baie opgewonde.

4. CASSANDRA: [BEWEEG NADER] Ek voel wonderlik! Dit was 'n beautiful dag!

5. FREDDIE : Hoe het dit gegaan met die eerste shoot? Vertel.

6. CASSANDRA: Fatasties! Ek het dit regtig geniet. Martin is so 'n gentleman.

7. PA : Martin? Ghmf, "gentleman" my voet.

8. CASSANDRA: [KIL] En wat beteken dit?

9. MA : Hemel tog, Joos... moet nou nie weer begin nie. Die kind het nou net by die huis gekom.

10. FREDDIE : Ignoreer hom net. Dis weer die wingerdtee wat praat. Elvis het al vroeg vanmiddag die gebou verlaat.

11. PA : [WAARSKUWEND] Freddie. Die donner weet –

12. CASSANDRA: Was daai misgewas alweer hier met sy drank?

13. FREDDIE : Jy kan mos sien dis "happy hour". Maar moenie worrie nie – hy't gese hy wil nooit weer hiernatoe kom nie. Ek wonder hoekom... [HY LAG UITTARTEND]

14. PA : Gunner het my alles van jou **dinge** vertel. Ek weet wat jy agter ons rugte doen. Jy dink mos ons is almal blerrie fools.

15. CASSANDRA: Watse dinge, Pa? Jy glo mos alles wat daai rubbish vir jou vertel.

16. PA : Jou kastige borgskappe en geld... jou kastige "werk"...

1. MA : Kan dit nie wag tot later nie? MOET jy nou weer moeilikheid soek?
2. PA : Nee, sy moet hoor – dink mos sy kan my bullshit.
3. FREDDIE : Jissie, Pa – gee haar 'n break.
4. CASSANDRA: Laat hom praat, Freddie. Môre, sal hy weer niks onthou nie.
Laat ons hoor wat Gunner te sê het.
5. PA : Net wat ek nog die hele tyd vermoed het.
6. CASSANDRA: En dit is?
7. PA : Gunner het jou eergister red-handed gevang toe jy uit 'n kar geklim het. Dis was net hier anderkant.
8. MA : [REAGEER HOORBAAR]
9. CASSANDRA: [KALM] Ja, dis waar. Ek het uit 'n kar geklim. En?
10. PA : Hy't alles gesien. Is dit hoe jy jou geld al hierdie tyd verdien?
[POUSE] Hoer en rumoer agter ons rugte.
11. MA : Cassandra? Ek het jou mos nie so geleer nie...?
12. FREDDIE: Spaar ons dit, Ma! Dis 'n klomp twak! Glo Pa dit wragtig?
13. CASSANDRA: [KALM] Nee, los hom, Freddie. Dis die drank wat praat.
14. PA : Slet! Liegbek!
15. FREDDIE : Dis Gunner wat lieg, Pa! Cassie sal mos nooit so iets doen nie.
16. MA : Ek kan ook nie dink dat {Cassandra so iets.....}
17. CASSANDRA: Hoekom haat jy my so, Pa? Wat het **ek** ooit aan **jou** gedoen?
18. PA : [MOMPEL] Ek haat jou nie... jy haat my...
19. CASSANDRA: Nee, ek haat niemand. En ek kan al die name en beledigings vat – maar dink jy regtig dis wat ek is?

1. PA : Dis wat Gunner sê...
2. CASSANDRA: Wel, hier's die waarheid. Dit was Martin wat my afgelaai het. Hy is die fotograaf wat vandag die fotos geneem het. Hy is my nuwe baas. Maar omdat ek te skaam is vir my huis...vir julle...het ek drie blokke van hier uit sy kar geklim. Ja, ek was skaam vir my huis en my ouers. En DIS die waarheid!
3. MA : [SEERGEMAAK] Cassandra. [BEGIN SAGGIES HUIL]
4. PA : Wie de hel dink jy is jy? Hoor jy, Martha? Ons is nie goed genoeg vir die lady nie! Sy's skaam vir ons.
5. CASSANDRA: Ek's skaam vir hierdie lewe. En ek's moeg vir rubbish soos Gunner wat my lewe vir my wil voorskryf.
6. FREDDIE: Is dit hoekom jy hom gepot het? Ek wens ek kon dit sien.
7. CASSANDRA: Nee, dit was oor iets ... anders...
8. FREDDIE : Hy loop en vertel almal dat hy deur 'n bende aangerand is.
9. CASSANDRA: Dit was net ek.
10. FREDDIE : [HY LAG]
11. PA : Wel, dis jou woord teen Gunner s'n... En hy sal nie vir my lieg nie. Hy's my vriend. Hoor jy my! Jy lieg!
12. CASSANDRA: Glo wat jy wil, Pa. Gunner is mos koning. Hopelik sal jou oë eendag oopgaan. Ek het 'n paar uur oor voordat ek oorsee gaan en ek gaan nie dat Pa dit vir my bederf nie. Ek gaan slaap.
13. PA : Ja, wip jou fancy gat. Hardloop weg soos altyd. Dis mos iets wat jy goed doen met daai bene waarmee jy 'n Boeing aan die

brand kan skop. Gaan sluit jousef in jou kamer toe, Aspoester!
Skaam se gat!

1. MA : Joos! Asseblief! Sy's jou dogter!
2. CASSANDRA: Toemaar, Ma – ek 's gewoonnd daaraan.
3. PA : Gaan swaai jou kaal gat voor 'n klomp vreemde mense en dink hulle gaan jou duisende rande betaal. Gaan! Ons sal sien wie skaam hom vir wie! [VERDRIETIG] Ek het my blerrie werk verloor... Ek sal jou onterf! Jou ondankbare telg!
4. MA : Ek kan nie meer hierna luister nie.
5. CASSANDRA: Ont erf? Regtig! En ek kan nie wag om hier uit te kom nie.
6. MA : Moet nie so praat nie, Cassandra. Vergewe tog.
7. CASSANDRA: Spaar my dit, Ma. [AAN FREDERIK] Freddie, Martin het gesê jy kan die naweek die hele kompetisie by hom kom kyk op sy groot TV. Hulle stroom dit direk op ESPN op die net.
8. FREDDIE : Jis, regtig? Dankie, Cassie! Ek kan nie wag nie! Dit gaan epic wees.
9. CASSANDRA: Ek sal met dit met hom organise. Hy't gese hy sal jou kom oplaai. Jy sal van hom hou. Hy's baie nice. [HARDER GEMIK OP PA] Hy's soos 'n pa vir my. [BEWEEG VAN MIK AF] Nou ja, [SARKASTIES]...alle grappies op 'n stokkie. Môre is 'n lang dag. Ek gaan bad en slaap.
10. MA : [ROEP AGTERNA] Moenie so kwaad gaan slaap nie. Jou pa bedoel dit nie so nie. Sê vir haar jy is jammer, Joos.

1. PA : Laat sy bogger-off! As sy daai kamstige kompetisie wen vreet ek my boks met spanners op.
2. MA : [ROEP] Ma sal vir jou 'n jam toebroodjie insit vir môre op die vliegtuig.
3. CASSANDRA: [OP AFSTAND] Daar is kos op die vliegtuig, Ma. Ek sal self regkom. Ek het nog altyd. Nag.

FX **DEUR TOE VAN MIK AF.**

4. FREDDIE : Pa beter daai tande van pa lekker slyp.
5. PA : Vir wat?
6. FREDDIE : Pa gaan voor volgende week spanners kou.

FX: **VLIEGTUIG WAT OPSTYG.**

MUSIEKBRUG RAAK MUSIEK VIR MONTAGE VAN:

GEHOOR WAT JUIG/ MARTIN FREDDIE WAT JUIG/

VLIEGTUIG WAT LAND. VERMENG MET MUSIEK IN

AGTERGROND OP RADIO. AANDGELUIDE. KOMBUIS VAN

DIE VILJOENS.

7. MA : ***Hanteer pot, pan, eetgerei*** [SUG.SKREE] Joos! Die hele blerrie buurt hoef nie saam te luister nie! Los nou die kar en kom eet jou kos.
8. PA : Ek skuld hulle boggerôl.
9. FREDDIE : Los die dronkgat, Ma. Cassie gaan nou hier wees!

1. MA : Moenie so van jou pa praat nie. [SKREE] Joos! Hoor jy my! Sit af daai musiek. Netnou gooi iemand weer 'n bierbottel op die dak.

FX: MUSIEK WORD HARDER GESIT

2. FREDDIE : Ma! Ons wil nie weer moeilikheid hê soos toe sy hier weg is nie. Nie die keer nie – please.
3. MA : Maar sy kos raak koud...
4. FREDDIE : Het hy al ooit gekom as Ma aan hom karring oor die kos? Dit help mos nie.
5. MA : Ai...
6. FREDDIE : Ja, "ai" Ma. Die lewe is vol "ai's".

FX: MOTOR NADER VAN AFSTAND. STOP. MUSIEK AF

7. FREDDIE : [OPGEWONDE] Ek dink sy's hier.
8. MA : Dankie tog – daar sit hy dit nou af.
9. FREDDIE : Ja, sy's hier, Ma! Sy's terug!
10. MA : Kalmeer, Freddie. Dis net Cassandra.
11. FREDDIE : Sy's nie 'net Cassandra' nie! [GEFUSTREERD] Ma verstaan nie wat sy reggekry het nie! Sy's famous!

FX: MOTORDEUR OOP EN TOE. MOTOR VERTREK

12. MA : Ek's nie onnosel nie. Maar moet haar tog nie so ophemel nie, netnou gaan dit na haar kop toe... sy dink al klaar sy's beter as ons.

1. FREDDIE : Ek gee nie om nie. Sy was fantasties! Julle moes haar gesien het! [BEWEEG WEG] Ek gaan haar help dra.

FX: SIFDEUR VAN KOMBUIS OOP EN TOE.

2. MA : [AGTERNA] Stadig Freddie, netnou val jy in die donker. Ons kan nie nog 'n dokter ook bekostig nie!
3. FREDDIE : [OFF MIK] Hallo daar, Champion! Jis, jy was great!
4. CASSANDRA: [OFF MIK. KREUN] Freddie! Jy gaan my ribbes afdruk! Sit my neer! [LAG]
5. FREDDIE : [OFF MIK] Ons het alles gesien in HD! Kan ek help dra?
6. CASSANDRA: [OFF MIK] Ja, jy kan hierdie solank invat.
7. FREDDIE : [OFF MIK] Ek sal nou die tas kom haal. Los dit eers hier buite.
8. CASSANDRA: [OFF MIK] Kon julle toe alles sien?
9. FREDDIE : [OFF MIK] Jis! Jy was fantasties. Ek en Martin het amper uitgepaas van excitement toe hulle jou kroon!

POUSE

10. FREDDIE : [OFF MIK] [LAG] Ek kan nie glo jy's hier nie.

FX: KOMBUISDEUR OOP

11. CASSANDRA: ***Dra 'n paar sakke / pakkies*** [NADER AAN MIK] Ja, die naweek is soos 'n droom verby. Ek's pootuit. Lang vlug.

FX ... SIFDEUR KLAP TOE.

1. FREDDIE : [NADER TOT OP MIK] **Ook met sakke** Martin is weg op 'n fotosessie. Hy't gese hy wil jou môre vir 'n ete neem om te celebrate.
2. CASSANDRA: Dankie, dis goeie nuus. Ek's so bly hy's tevrede...Hallo, Ma.
3. MA : Naand Cassandra. So, jy's terug.
4. CASSANDRA: Ja, en ek het gewen! Kyk. Freddie wys vir Ma die trofee.
5. FREDDIE : Kyk, Ma, dis mooi nê. Lyk net soos Cassie toe sy op die verhoog gepose het... en 'n yslike groot medalje.
6. CASSANDRA: Ek sien, dis mooi, my kind – maar daar's nie meer plek in die sitkamer vir al die bekere nie.
7. FREDDIE : Sy's 'n wêreldkampioen, Ma! Sy het veertigduisend dollar gewen! Dis [EFFENSE POUSE] R480 000 rand! Sy's skatryk!
8. MA : [SKIELIK STEL SY BELANG] O, so jy't nie net die koppie en die medalje gekry nie...? Hemel, Cassandra - dis darem maar baie geld! [POUSE] - Moenie vir jou pa daarvan sê nie....
9. CASSANDRA: [LAG] Ek is nie gister gebore nie, Ma. Freddie, jy sê ook niks! Sal jy al die goed in my kamer gaan sit, asseblief? [GEE SAKKE VIR HOM AAN]
10. FREDDIE : OK – Ma, maak koffie! [BEWEEG WEG MET SAKKE] Ek's seker Cassie kan doen met 'n koppie. Hel, ons kort champagne!
11. CASSANDRA: Ek wil net gaan bad en in die bed klim – dit was hectic.

1. MA : Ek maak gou vir ons koffie...[BEWEEG WEG] ...met so ietsie daarby. [WERSKAF VAN MIK AF KOFFIEBEKERS & TEELEPELS]
2. CASSANDRA: [POUSE] Dit was wonderlik, Ma. Wens julle kon dit sien. New York, die vliegtuig, die mense. Dis so anders.
3. MA : [OFF MIK] Ek's bly jy het dit geniet.
4. CASSANDRA: Dis soos 'n groot oseaan van lewe...en ons wat hier in 'n modderige waterdruppel rondspartel.
5. MA : As jy so sê ... ek sal nie weet nie.
6. FREDDIE : [NADER AAN MIK] Hoe lyk dit, Ma? Is die koffie al reg?
7. MA : [OFF MIK] Amper klaar.
8. FREDDIE : [BEWEEG WEG] Ek kry gou jou tas.

FX: SIFDEUR OOP EN TOE.

9. FREDDIE : [OFF MIK] Pa! Cassandra is terug by die huis. [SKREE HARDER] Pa! Ek sê Cassandra is terug!
10. PA : [OFF MIK] Ja, ek hoor, ek's nie blerrie doof nie!
11. FREDDIE : [OFF MIK] Ons drink koffie in die kombuis. Pa moet sien wat sy alles gewen het. Gaan pa kom kyk? [POUSE] Pa!
12. PA : [OFF MIK] Ek's besig! Ek sal later kom.
13. CASSANDRA: [LAG SINIES] Los dit, Freddie.
14. MA : [NADER NA MIK] Hier's jou koffie, Cassandra.

1. CASSANDRA: Dankie, Ma.
2. MA : So.....is jy nou klaar?
3. CASSANDRA: Met wat?
4. MA : Met die spiere bou ...en die kompetisies en dinge.
5. CASSANDRA: Ek weet nie. Jy kan nie sommer net ophou nie. Dit moet geleidelik gebeur. Ek wil gaan studeer volgende jaar, maar ek kan nou nog baie geld maak met die sport. Ek sal sien.

FX: KOMBUISDEUR OOP EN TOE.

6. FREDDIE : [KOM NADER. HOOGS GEIRRITEERD] Julle sal nie glo wie sopas hier opgedaag het nie. [OP MIK] Gunner.
 7. MA : Ag herder – vannag slaap niemand in hierdie huis weer nie.
 8. CASSANDRA: Ek het dan niks gehoor nie.
 9. FREDDIE : Hy't geloop – sy bike is steeds in vir repairs.
 10. CASSANDRA: Vanaand laat ek hom opsluit, ek sweer.
 11. MA : Cassandra, los hom uit – hy's nie lekker in sy kop nie.
 12. FREDDIE : As hy waag om iets aan Cassie te doen, moer ek vir hom dat hy in 'n ander dimensie wakker word – ek sweer.
 13. CASSANDRA: Nee, Ma is reg, Freddie. Los hom. Hy's heel moontlik nog dronk ook.
 14. FREDDIE : Maar ons moet hom van pa af weg hou.
 15. MA : [ROEP EFFENS VAN MIK AF] Joos, hier's koffie vir jou!.....
Irish koffie.
- POUSE**
16. PA : Ek kom!

1. FREDDIE : [LAG] Cool Ma! Soos 'n beer agter heuning aan!
2. CASSANDRA: Miskien kan ons hom sommer in die bed kry, en dan van Gunner ontslae raak. Wat de hel soek hy nou alweer hier.

FX: KOMBUISDEUR OOP.

3. PA : [OFF MIK] Kom binne Gunner.
4. GUNNER : [NADER NA MIK] Yes, yes! Howzit all the peoples.

FX: KOMBUISDEUR TOE.

5. PA : [NADER NA MIK] Waar's die koffie?
6. MA : Sit daar by die tafel. Wil jy beskuit hê?
7. PA : Nee, net die koffie. [AAN CASSANDRA] Ek sien jy's terug?
8. CASSANDRA: Ja, Pa, ek's terug.
9. FREDDIE : Sy't 'n beker en 'n medalje gewen, Pa. Wys vir hom Cassie. So – hoe gaan pa daai spanners enjoy? Met of sonder Mrs Balls?
10. PA : Shut up, Freddie, niemand het jou blerrie klokkie gelui nie.
11. GUNNER : [EFFENS – NET EFFENS – AANGEKLAM] Kry ek nie ook 'n bietjie van die tannie se special koffie nie?
12. MA : Jy lyk of jy al genoeg specials vir eendag gehad het.
13. GUNNER : Nie 'n druppel voggies op my nie. Scout's honour, tannie.
14. CASSANDRA: Ja, want alles is seker in jou keelgat af. Ek ruik jou van hier af.
15. GUNNER : Hei, ek kom in peace, Babes. Ek kom soek nie moeilikheid nie, OK?.
16. CASSANDRA: Wat **is** dit wat jy soek, Gunner? Wat is fout met jou?

1. GUNNER : Fout met my? Daar's nie fout met my nie. Ek weet wie en wat ek is. Dis julle lot wat in denial is. Dink mos julle is beter as die res van ons. Die Fantastic Four Viljoens. [SNORK
MINAGTEND]
2. CASSANDRA: Wat wil jy hê, Gunner? Wat is jou probleem?
3. GUNNER : Julle is my probleem ... jy's my probleem. Jy soek my...
4. MA : Gaan eerder huis toe Gunner. Asseblief. Cassie is terug – ons wil nie baklei nie.
5. PA : Gunner is my gas. Hy sal gaan as ek sê hy moet gaan. Los hom uit.
6. FREDDIE : Verdomp, Pa! Hoeveel keer wil pa nog pa se roes onder die kar in die agteryard lê en afslaap? Hy is nie jou pel nie.
7. PA : Hou jou bek, Freddie. Jy praat nie so met my nie.
8. CASSANDRA: Nee, Pa, ons wil nie meer stilbly nie. Nie ek of Freddie is meer lus vir hierdie gemors nie. Lyk my pa wil soos hierdie sleg moer hier sit en kreppeer... of jouself doodsuip.
9. PA : Hoor hoe groot is daai kop van haar al klaar!
10. GUNNER : Jy soek my, Miss Windgat 2016.
11. CASSANDRA: Jy's 'n belediging vir jouself, man. Sê wat jy wil sê en verkas. Wat soek jy?
12. GUNNER : Ek wil weet of jy my bike se damage gaan betaal. Ek het nie insurance nie.
13. PA : Wat?! Is dit dan waar? Het sy jou gedonner?
14. GUNNER : Nie nou nie, Oubaas. Drink jou koffie.

1. CASSANDRA: Jy wil hê **ek** moet vir jou bike betaal?
2. GUNNER: Ek scheme dis jy wat die damage gedoen het...en ek weet jy't nie net n koppie en n medalje gewen nie.....
3. CASSANDRA: Jy's ongelooflik! Eers beledig jy my, dan vra jy my nie om verskoning nie, en dan... kom eis jy geld van my? So nou is hierdie bitch met die spoiled goods skielik goed genoeg om vir jou geld te gee?
4. GUNNER: Jy weet ek het net 'n grappie gemaak. Dit was net 'n joke.
5. CASSANDRA: O, was dit 'n grap? Nou hoekom vertel jy nie my ma en pa waarom jou "grappie" nou die dag was nie! Ek's seker hulle sal dit waardeer.
6. PA: Wat gaan aan? Waarvan praat sy, Gunner?
7. MA: Dis wat ek ook wil weet? Hoekom het sy jou geslaan?
8. GUNNER: Niks om oor te worry nie, Oudstes. [AAN CASSANDRA] Kom nou, Babes. Moet nie so wees nie. Ek kom maak peace.
9. CASSANDRA: Nee, jy't geld geruik. En jy is of totaal vermetel om te dink ek sal vir jou 'n sent gee, of totaal onnosel.
10. GUNNER: Moenie my onnosel noem nie! Ek het jou al gesê, jou windgat klein tert – ek sal jou vinnig regsien.
11. CASSANDRA: Ah! Daar's die werklike Gunner nou.
12. FREDDIE : Try dit net! Hier word jy vanaand goed gemoer.
13. GUNNER : Sharrup, Bill Gates.

1. MA : Asseblief... stop dit julle! Gunner gaan huis toe. Joos! Sê hy moet gaan!
2. PA : Ek sê niks! Ek wil weet wat Cassie vir hom gesê het.
3. CASSANDRA: Ag, moenie worry nie, Freddie. Gunner is net bek. As hy aan my raak, gaan hy spyt wees.
4. GUNNER : Jy dink so? Jy sien kans vir my?
5. CASSANDRA: Los hom, Freddie. Staan terug.[POUSE] Freddie!
6. GUNNER : Jy dink jy's so smart met jou bekertjies en crap.....en julle Viljoens dink mos julle is beter as die res van ons...want in hierdie huis bly "slim Cassandra"...."hoofdogter Cassandra".....Cassandra wat matriek ge-ace het op sestien en dink die son skyn uit haar gat uit. Meanwhile, back at the ranch weet ek wat tussen hierdie mure aangaan. Ek weet van die verrotting... Pappa se dogtertjie...
7. PA : Cassie? Wat het jy hom vertel? Gunner, ek dink jy moet gaan. Gaan huis toe. Loop asseblief.
8. CASSANDRA: Ek sweer as jy dit weer sê...
9. FREDDIE : Wat sê?
10. MA : Gunner gaan huis toe. Asseblief ek vra mooi. Jy's siek.
11. GUNNER : Siek? Ons sal sien wat word van Cassie se nuwe job as die mense weet. En of haar nuwe baas nog met 'n vrot wurm soos sy deurmekaar sal wil wees as hy hoor ...hoe haar pappie haar gespoil het.... en haar mammie staan en kyk het.... sonder om 'n vinger te lig. Wie's nou siek!?

1. FREDDIE : Ek dink nie ek verstaan nou mooi nie.
2. MA : Freddie gaan na jou kamer toe! Nou!
3. CASSANDRA: Jou lae bliksem!
4. PA : Gunner, jy moet gaan..... jy moet nou gaan..... Jy is nie meer welkom hier nie. Gaan net!
5. FREDDIE : Pa? Wat bedoel hy? Waarvan praat hy? Cassie?
6. CASSANDRA: Gunner as jy nie nou gaan nie bel ek die polisie. Ek sweer.
7. GUNNER : Om wat te doen? My aan te kla van die waarheid praat, of om jou pa te kom arresteer?
8. FREDDIE: Ma? Waarvan praat hy?
9. CASSANDRA: Freddie! Gaan na jou kamer toe, asseblief.
10. FREDDIE : Cassie wat gaan aan? Wat het Pa gedoen?
11. PA : Voertsek Gunner! Ek dag jy's my pel!
12. MA : Hy's van sy trollie af!
13. GUNNER : Jy moenie maak of jy onskuldig is nie, ou lady.
14. FREDDIE: Wat het gebeur? Praat met my! Waarvan praat julle?
15. GUNNER : Jy's darem maar dof! Jou pa en jou suster, genius.
16. FREDDIE : [POUSE. BESEF] Jy lieg! Jy praat twak! Ek sweer ek maak jou vrek.

FX: _____ : GUNNER HAAL PISTOOL UIT.

17. CASSANDRA: Nee, Freddie! Los hom - hy't 'n rewolwer!
18. FREDDIE : Cassie, sê dit is nie waar nie! Ma? Pa? Hy lieg!
19. GUNNER : Wie's nou die rubbish? Ek was nog altyd bereid gewees om die spoiled goods te vat. Maar sy dink mos sy's te goed vir my.

FX: STOEL WORD UITGESTOOT.

1. MA : Los haar, Gunner! Joos! Waar gaan jy heen? Joos kom terug!

FX: KOMBUISDEUR OOP EN KLAP TOE.

2. FREDDIE : Ek maak jou vrek!

3. CASSANDRA: Ek bel die polisie!

4. GUNNER : Bel jou stuck up bitch! As hulle hier kom, is alles verby!

FX: GESTOEI TUSSEN GUNNER EN FREDDIE.**GLAS WAT BREEK – MEUBELS VAL OM.****CASSIE EN MA GIL TUSSEN-IN .****SKOOT GAAN AF.****POUSE**

5. CASSANDRA: FREDDIE! Agge nee! Freddie!

6. MA : Ag, jissis, Freddie – praat met my, my kind!

CASSIE EN MA IS HISTERIES

7. GUNNER : [BEWEEG WEG] Julle siek bliksems! Dis julle almal se skuld!

Sy bloed is aan julle hande! HOOR JULLE!

8. CASSANDRA: [SY KYK VIR HOM EN SIS] Hiermee gaan jy gaan nie wegkom
nie...

CASSIE GIL BLOEDDORSTIG EN STORM AF OP GUNNER**FX: GEVEG. STOELE VAL OM.**

9. MA : [WEEKLAAG IN AGTERGROND] Stop dit! Hou op! Hou op
baklei! Freddie, Freddie... ag jirre nee. Freddie praat met, Ma.

[SKREE NA BUITE] Joos! Kom help! Gunner het vir Freddie
geskiet. JOOS!

FX SKOOT GAAN AF.

1. GUNNER : [HY KREUN]

2. MA : [SY GIL]

FX LIGAAM VAL.

3. CASSANDRA: [OFF MIK. SY HYG NA HAAR ASEM]

4. MA : Cassandra! Wat het jy gedoen!

5. CASSANDRA: [NADER AAN MIK. HYGEND] Lewe Freddie nog? Freddie!
Freddie? Kan jy met my praat, boetie?

6. FREDDIE : [FLOU] Cassie? Is jy okay? Wat het hulle aan jou gedoen? Wat
het pa gedoen? Cassie. Sê dis nie waar nie...asseblief...

7. CASSANDRA: Sjijj, moet nie praat nie... dis niks... los dit...niks om oor te
worrie nie. Ek's fine...en jy gaan ook fine wees. Freddie?
Freddie??? [POUSE] Freddie...

8. MA : [HUILEND] Freddie? Freddie!

9. CASSANDRA: [EMOSIELOOS] Freddie is weg ma.

10. MA : Agge neeeee. Freddiiiiieeeee. Hoekom het jy nie net die geld vir
Gunner gegee nie, Cassandra? Kyk wat het jy gedoen. Jou
broer is dood. En dis jou skuld, hoor jy my!

11. CASSANDRA: Ja, Ma. Alles is my skuld. Dis my skuld dat ek gebore is...

12. MA : Wat van Gunner?

13. CASSANDRA: Hy's ook dood.

14. MA : Wat het jy aangevang?

1. CASSANDRA: Hoekom het jy elke nag in die deur gestaan en kyk, Ma? Ek kon jou sien. Ek kon jou ruik.
2. MA : Doen iets! Kry 'n ambulans. Moet nie net daar sit nie! Gunner en jou broer is dood!
3. CASSANDRA: Ek's ook dood. Jare gelede al. Daar in my kamer... in die donker.....alleen... Freddie het my probeer beskerm. Ons het mekaar probeer beskerm... Hoekom het jy my nie beskerm nie...

FX:

BEL UIT OP HAAR SELFOON. GEDURENDE DIE VOLGENDE SPREEKBEURTE HOOR ONS MA SE GEKERM EN GESNIK IN DIE AGTERGROND. HARDE MUSIEK IN DIE AGTERPLAAS.

4. CASSANDRA: Hallo, Martin.
5. MARTIN : (FILTER) Cassie! (OPGEWONDE) Jy's terug. Baie geluk! Jy was fantasties, het Freddie jou vertel van ons lekker kuier?
6. CASSANDRA: (EMOSIELOOS) Help my asseblief...
7. MARTIN : (FILTER) (VERMOED FOUT) Cassie? Wat's fout? Cassandra?
8. CASSANDRA: Freddie...
9. MARTIN : (FILTER) Wat? Cassie, wat gaan aan? Waar is jy. Wie huil so?
10. CASSANDRA: Hy's dood... Freddie is dood.
11. MARTIN : (FILTER) Wat? Het jy gesê Freddie is dood? Cassandra? Wat die hel gaan aan? Waar is jy?
12. CASSANDRA: In die vrotheid. Kan jy my kom haal? My tasse is nog steeds gepak. Hier's niks meer vir my nie.

1. MARTIN : (FILTER) Het jy gesê Freddie is dood? Cassandra? Hallo?
Hoor jy my?
2. CASSANDRA: (STEM BEGIN BREEK) Ek wil nie ook hier sterf nie, soos 'n
slegte hond. Ek kan nie meer hier wees nie.
3. MARTIN : (FILTER) Cassie, ek kom. Bly op die lyn. Moet nie aflui nie.
4. CASSANDRA: (SNIK NOU OPENLIK) Ek kan nie meer kruip nie... ek wil nie
meer 'n wurm wees nie.
5. MARTIN : (FILTER) Wat is jou straat adres nou weer?
6. CASSANDRA: Hoopstraat sestien, in die middel van die vrot gemors. (LAG EN
SNIK HALF HISTERIES) **Hoopstraat...** ironies is dit nie...
7. MARTIN : (FILTER) Cassie? Bly op die lyn... ek gaan jou vir 'n oomblik op
hold sit om die polisie te bel en 'n ambulans te ontbied.
8. CASSANDRA: (PANIEK) Nee, moenie my afsny nie... ek wil jou stem hoor.
9. MARTIN : (FILTER) Ek's hier, Cassie.
10. CASSANDRA: Ek word môre een-en-twintig. Sal jy vir my 'n koek koop... met
kerse daarop net een keer...
11. MARTIN : (FILTER) Wat? Wil jy vir my sê jy't nog nooit 'n ... (POUSE)
Natuurlik sal ek. Vir solank as wat jy wil.
12. CASSANDRA: My net vashou... sonder om my vlerke verder te breek ...

**FX: DIE KRAPPERIGE MUSIEK IN DIE AGTERPLAAS, FILTER
NA DUIDELIKE VOORGROND MUSIEK WAT ONS UITNEEM
EN DIE DRAMA EINDIG.**